Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2018

REKENINGKUNDE

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

* I A C C N E *

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en ’n antwoordeboek van 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Waar van toepassing, moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.

4. Jy mag ’n nieprogammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag ’n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing, maak alle berekeninge korrek tot EEN desimale plek.

7. ’n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Hoof-onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Rekonsiliasies	**Finansiële rekeningkunde** • Bank- en Krediteurerekonsiliasie **Bestuur van hulpbronne** • Interne beheer

VRAAG 2: 50 punte; 30 minute	
Hoof-onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Inkomstestaat	**Finansiële rekeningkunde** • Voorbereiding van Inkomstestaat (met aansuiwerings)

VRAAG 3: 60 punte; 35 minute	
Hoof-onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Vennootskappe	**Finansiële rekeningkunde** • Nota vir Privaatrekeninge • Ontleding en vertolking van verhoudings

VRAAG 4: 50 punte; 30 minute	
Hoof-onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Koste-berekeninge	**Bestuursrekeningkunde** • Koste-berekeninge en Algemene grootboek • Gelykbreekontleding **Bestuur van hulpbronne** • Interne beheerprosesse

VRAAG 5: 45 punte; 25 minute	
Hoof-onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Begroting	**Bestuursrekeningkunde en Bestuur van hulpbronne** • Voltooi en ontleed die Geprojekteerde Inkomstestaat • Interne beheerprosesse

VRAAG 6: 55 punte; 35 minute	
Hoof-onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Klubs en Vaste bates	**Finansiële rekeningkunde** • Ledegeldrekening van ’n sportklub **Bestuur van hulpbronne** • Bestuur van vaste bates • Interne beheer

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: REKONSILIASIES (40 punte; 25 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' teenoor die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n Interne ouditeur sal die Bankversoeningstaat aan die einde van elke maand wil ondersoek.

1.1.2 'n Debietsaldo op die bankstaat dui op 'n ongunstige saldo.

1.1.3 Diensgelde, kontant depositofooie en rente op oortrokke bank word in die Kontantbetalingsjoernaal as Bankkoste aangedui.

1.1.4 'n Vooruitgedateerde tjek uitgereik, sal eers op die datum wat op die tjek verskyn, in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken word. (4 x 1) (4)

1.2 **BANKREKONSILIASIE – WINKLE HANDELAARS**

Inligting uit die rekords vir Oktober 2018 word verskaf.

GEVRA:

1.2.1 Toon die inskrywings wat in die kontantjoernale ingeskryf moet word deur die tabel in die antwoordeboek te voltooi. (10)

1.2.2 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Oktober 2018. (10)

1.2.3 Dit is duidelik dat die besigheid nie voldoende interne beheermaattreëls oor kontant uitoefen nie.

- Identifiseer TWEE probleme uit die inligting wat verskaf is.
- Verskaf 'n oplossing vir elke probleem wat geïdentifiseer is. (6)

INLIGTING:

A. Items uit die Bankrekonsiliasiestaat op 30 September 2018.

Saldo volgens die Bankstaat		R 10 400 Kt
Uitstaande deposito's:	Gedateer 10 September 2018	18 500
	Gedateer 27 September 2018	15 300
Uitstaande tjeks:	Nr. 883 (12 Maart 2018)	4 000
	Nr. 1139 (22 September 2018)	11 400
	Nr. 1265 (15 Oktober 2018)	9 700
Saldo volgens die Bankrekening		19 100

- Tjek 883 is aan Dimbaza Tennisklub uitgereik vir die eienaar se ledegeld. Die klub bestaan nie meer nie.
- Tjek 1139 verskyn op die bankstaat van Oktober 2018.

B. ’n Vergelyking van die rekords het die volgende verskille aan die lig gebring:

- Die uitstaande deposito van R18 500 verskyn op die bankstaat.
- Die deposito van R15 300 kom nie op die bankstaat voor nie. Die kassier wat in beheer van al die kontanttransaksies is, Sue Drowzy, het gesê sy het van die geld gebruik om haar kind se skoolfonds te betaal. Sy het belowe om die hele bedrag op 1 November 2018 te deponeer.
- Bankkoste van R1 120 verskyn slegs op die bankstaat.
- Die bankstaat toon ’n geweierde tjek van R6 250, oorspronklik ontvang van debiteur, M. Mo, om haar rekening van R6 500 te vereffen.
- Rente van R450 is op die bankstaat gekrediteer.
- Tjek Nr. 1322 uitgereik aan krediteur, Bee Handelaars, verskyn op die bankstaat, korrek as R6 780. In die joernaal is dit as R7 860 aangeteken.
- ’n Debietorder van R530 vir die maandelikse versekering kom twee keer op die bankstaat voor. Die bank onderneem om dit volgende maand reg te stel.
- Die KOJ vir Oktober 2018 toon twee uitstaande deposito’s:
  R13 220 op 17 Oktober 2018,
  R10 400 op 29 Oktober 2018.
- Die volgende tjeks in die KBJ is steeds uitstaande:
  Nr. 1460, vir R4 280 (gedateer 27 Oktober 2018),
  Nr. 1496, vir R5 730 (gedateer 23 November 2018).
- Die bankstaat het afgesluit met ’n ongunstige saldo van R12 190.

1.3 **KREDITEUREREKONSILIASIE**

Umph Verskaffers is ’n krediteur van Power Handelaars. Die Augustus 2018 staat van Umph Verskaffers toon ’n sluitingsaldo van **R21 500.** Die rekords van Power Handelaars toon ’n uitstaande saldo van **R20 000**.

GEVRA:

Voltooi die tabel wat voorsien word om die effek van elke fout/weglating aan te dui. Dui by elke bedrag aan of dit + of – is en tel albei kolomme op. (10)

FOUTE EN WEGLATINGS:

A. ’n Faktuur vir R4 450 is foutiewelik as R5 450 op die staat aangeteken.

B. Power Handelaars het 5% korting aangeteken met die betaling van R4 600. Umph Verskaffers het nie die korting toegestaan nie omdat die tjek laat was.

C. Afslag van R520 vir beskadigde goedere, is as ’n faktuur aangeteken in Umph Verskaffers se rekening in die Krediteuregrootboek van Power Handelaars.

D. Power Handelaars toon ’n kredietfaktuur van R4 190 in die krediteuregroot-boekrekening van Umph Verskaffers. Dit was vir goedere aangekoop van Umteen Groothandelaars.

E. ’n Betaling van R5 500, gemaak op 28 Augustus 2018, verskyn nie op die staat nie. Die staat is op 26 Augustus 2018 ontvang.

40

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: INKOMSTESTAAT (50 punte; 30 minute)

Inligting het betrekking op Vuzi Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018. Goedere word teen 'n winsopslag van 70% op kosprys verkoop.

GEVRA:

Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. (50)

INLIGTING:

A. VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2018:

Lening: Liesel Bank		179 500
Vaste deposito: PJ Bank	240 000	
Handelsvoorraad	58 680	
Debiteurekontrole	48 775	
Voorsiening vir oninbare skuld (1 Maart 2017)		3 070
Verkope		2 362 575
Koste van verkope	1 389 750	
Salarisse en lone	285 200	
Oninbare skuld	8 770	
Water en elektrisiteit	27 360	
Oninbare skuld ingevorder		2 180
Telefoon	15 675	
Verpakkingsmateriaal	38 550	
Versekering	23 720	
Advertensies	19 660	
Huurinkomste		30 750
Diverse uitgawes	32 340	

B. ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS:

(i) Kredietverkope van R17 425 op 28 Februarie 2018 is nie aangeteken nie.

(ii) Handelsvoorraad op hande volgens fisiese voorraadopname is R49 540.

(iii) Verpakkingsmateriaal gedurende die finansiële jaar gebruik, R27 300.

(iv) Geen inskrywing is gemaak vir R1 470 wat ontvang is uit die insolvente boedel van 'n debiteur nie. Hierdie bedrag is 35% van die uitstaande skuld.

(v) R820 is ontvang van debiteur J. Black. Sy rekening is voorheen as oninbaar afgeskryf.

(vi) Pas die voorsiening vir oninbare skuld aan tot 4% van debiteure se saldo.

(vii) Maak voorsiening vir die uitstaande rente op vaste deposito. Die vaste deposito is belê op 1 Mei 2017 teen rente van 8% p.j.

(viii) Die telefoonrekening vir Februarie 2018 is nog nie betaal nie, R1 245.

(ix) Versekering van R280 per maand is vir drie maande vooruit betaal.

(x) Advertensies sluit R3 480 in vir 'n 6-maandekontrak vanaf 1 November 2017.

(xi) Huurinkomste sluit huur in tot 31 Mei 2018. Die stoorkamer is slegs vanaf 1 Januarie 2018 uitverhuur.

(xii) Die leningstaat van Liesel Bank toon dat R210 500 steeds verskuldig is. Rente op lening word gekapitaliseer.

50

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE (60 punte; 35 minute)

Die inligting het betrekking op TX Handelaars (met vennote Thandi en Xola) vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

3.1 Voltooi die nota vir die Privaatrekeninge deur die ontbrekende bedrae in te vul. (25)

3.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018:

3.2.1 Bedryfsverhouding (3)

3.2.2 Gemiddelde debiteure invorderingstermyn (6)

3.2.3 Vennoot Xola se opbrengs op ekwiteit (7)

3.2.4 Skuld/ekwiteitsverhouding (4)

3.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou stellings te ondersteun. (6)

3.4 Vennoot Xola het voorgestel dat die vennootskap die lening met R200 000 moet verhoog om die uitbreidings aan die geboue te finansier. Thandi stem nie saam nie en sê dat sy bekommerd is oor die onbeperkte aanspreeklikheidsbeginsel.

3.4.1 Verduidelik Thandi se bekommernis oor die onbeperkte aanspreeklikheidsbeginsel. (3)

3.4.2 Verskaf TWEE stellings om Xola se voorstel te ondersteun. Haal EEN finansiële aanwyser (met syfers) aan in jou motivering. (6)

INLIGTING:

A. Inligting uit die finansiële state geneem:

	28 Februarie 2018	1 Maart 2017
Kapitaal: Thandi	800 000	800 000
Kapitaal: Xola	1 000 000	900 000
Privaatrekening: Thandi	?	22 320 Kt
Privaatrekening: Xola	?	17 670 Dt
Onttrekkings: Thandi	148 800	
Onttrekkings: Xola	127 100	
Lening: Swazi Bank	800 000	800 000
Totale bedryfsbates	407 340	
Debiteurekontrole	167 300	219 200
Totale bedryfslaste	226 300	
Verkope	2 136 000	
Netto wins vir die jaar	471 250	

Kopiereg voorbehou

B. Die vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:

- Salarisse:
  Thandi is geregtig op 'n maandelikse salaristoelae van R12 400.
  Xola ontvang 2,5% meer as Thandi se toelae.

- Rente op kapitaal word bereken teen 8% p.j. op kapitaalsaldo's.
  Xola het haar kapitaal op 1 Desember 2017 verhoog.

- Thandi is geregtig op 'n produksiebonus van 0,5% van omset (verkope).

- Winste/verliese word verdeel in die verhouding van kapitaalsaldo's.
  Die verandering in kapitaal is nie in ag geneem vir die huidige finansiële jaar nie.

C. Kredietverkope is 75% van totale verkope.

D. Die volgende finansiële aanwysers is bereken op 28 Februarie:

	2018	**2017**
Bedryfsverhouding	?	2,2 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1	1,2 : 1
Gemiddelde debiteure invorderingstermyn	?	40 dae
Skuld/ekwiteitsverhouding	?	0,5 : 1

60

VRAAG 4: KOSTE-BEREKENINGE (50 punte; 30 minute)

4.1 STRUMPHER VERVAARDIGERS

Strumpher Vervaardigers produseer rugbyballe wat aan plaaslike skole en kleinhandelaars in die Despatch-omgewing verskaf word. Die finansiële jaar eindig op 28/29 Februarie elke jaar.

GEVRA:

4.1.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar:

- Direkte materiaalkoste (7)
- Direkte arbeidskoste (5)

4.1.2 Teken die gegewe transaksies aan in die volgende rekeninge in die Algemene grootboek:

- Goedere-in-bewerkingvoorraad (10)
- Klaar produktevoorraad (6)

4.1.3 Die eienaar is bekommerd oor die beheer oor produksiewerkers. Verskaf TWEE stellings om sy bekommernis te staaf. Haal relevante syfers aan. (6)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

	28 FEBRUARIE 2018 R	1 MAART 2017 R
Grondstof	38 700	23 400
Goedere-in-bewerking	60 000	45 300
Klaarprodukte	22 000	27 000

B. Transaksies vir die jaar:

(i) Grondstowwe ter waarde van R342 600 is op krediet aangekoop.

(ii) Beskadigde grondstowwe ter waarde van R15 700 is aan krediteure teruggestuur.

(iii) Kontant aankope van grondstowwe was R155 000.

(iv) Afleweringskoste op grondstowwe wat kontant aangekoop is, R19 400.

(v) Totale fabrieksbokoste vir die jaar beloop R273 340.

C. Besonderhede van werkers in produksie:

Aantal werkers	4
Gewone ure gewerk (basies)	1 440 ure per werker
Gewone tyd volgens kontrak	40 ure per week; 45 weke per jaar
Tarief vir gewone tyd	R35 per uur
Totale ure oortyd gewerk	640 ure
Oortyd betaal	R33 600

Die besigheid dra 1% by tot die WVF en 9% tot die pensioenfonds, namens al die werkers.

4.2 JOLENE EN JUANE POPPE

Die vennootskap vervaardig poppe. Die finansiële jaar eindig op 30 April 2018. Die winsopslag persentasie is 50% op kosprys.

GEVRA:

4.2.1 Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar oor jou bevindings. (10)

4.2.2 Het die besigheid die verwagte bruto wins op verkope behaal? Verskaf 'n berekening om jou mening te staaf. (6)

INLIGTING:

A. Besonderhede oor die koste-rekeninge:

		EENHEIDS-KOSTE	TOTALE BEDRAG
Direkte materiaal	Veranderlike koste	?	R71 400
Direkte arbeid	Veranderlike koste	R23	?
Administrasie	Vaste koste	R12	R30 600
Verkoop en verspreiding	Veranderlike koste	R14	R35 700
Fabrieksbokoste	Vaste koste	R18	R45 900

B. 2 550 poppe is vervaardig en verkoop gedurende die finansiële jaar.

C. Totale verkope beloop R242 250.

50

VRAAG 5: BEGROTINGS (45 punte; 25 minute)

KULFI HANDELAARS

Inligting uit die rekords is vir die begrotingstydperk wat eindig op 31 Desember 2018.

GEVRA:

5.1 Bereken die persentasie goedere wat op krediet verkoop is vir Desember 2018. (4)

5.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Desember 2018. (8)

5.3 Voltooi die Kontantbegroting vir Desember 2018. (23)

5.4 Verwys na die werklike syfers vir Oktober 2018 **(Inligting K)**.

- Identifiseer EEN item wat goed beheer was en EEN item wat nie goed beheer was nie. Verskaf in elke geval 'n rede vir jou keuse. (6)

- Voorsien die eienaar van verskillende interne beheermaatreëls wat hy kan gebruik om beter beheer oor enige TWEE items op hierdie lys uit te oefen. (4)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. Totale verkopesyfers vir die begrote tydperk wat eindig op 31 Desember 2018:
Goedere word verkoop teen 'n winsopslag van 50% op kosprys.

MAAND	WERKLIK		BEGROOT	
	KONTANT	KREDIET	KONTANT	KREDIET
Oktober	38 400	57 600		
November	43 200	64 800		
Desember			48 000	72 000

B. Kredietverkope word gewoonlik as volg ingevorder:

- 40% in die maand van verkope (hierdie debiteure ontvang 5% korting).
- 40% in die maand wat volg op die maand van verkope
- 18% twee maande na die maand van verkope
- 2% word afgeskryf as oninbare skuld.

C. Aankope van voorraad:

- Verkoopte voorraad word vervang in die maand van verkope ('n basis-voorraad word gehandhaaf).
- Alle aankope van handelsvoorraad word op krediet gedoen.
- Krediteure word betaal in die maand wat volg op die maand van aankope.

D. Die drie winkelassistente verdien elkeen R10 100 per maand. Gedurende Desember 2018, sal twee van die drie winkelassistente ook hul jaarlikse bonus ontvang, bereken as 80% van hul maandelikse salaris.

E. Totale huurinkomste vir die vorige finansiële jaar was R139 680. Die huur gaan op 1 Desember 2018 met 5% verhoog word.

F. Die eienaar het besluit op maandelikse onttrekkings van R2 600. Dit sluit R1 800 kontant in en die res is handelsvoorraad.

G. Rente op vaste deposito beloop R9 600 per jaar. Dit word ontvang in drie gelyke paaiemente op 30 September 2018, 31 Desember 2018 en 31 Maart 2019.

H. Bedryfsuitgawes beloop R18 000 per maand en word per tjek betaal.

I. Bankkoste is gemiddeld R1 620 per maand.

J. Die banksaldo op 30 November 2018 was R98 330 (gunstig).

K. Werklike en begrote syfers vir Oktober 2018:

	BEGROOT	WERKLIK
Onttrekkings	R1 800	R1 500
Herstelwerk en onderhoud	R5 000	R1 200
Advertensies	R3 600	R3 650
Huurinkomste	R11 640	R5 000

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: KLUBS EN VASTE BATES (55 punte; 35 minute)

6.1 SPORTKLUBS

Die rekords in verband met lede van Mount Coke Stapklub vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2017 word verskaf.

GEVRA:

6.1.1 Voltooi die Ledegeldrekening in die Algemene grootboek.
Toon bewerkings om deelpunte te kan verdien. (20)

6.1.2 Nuwe lede is nie tevrede met hoe ledegeld van nuwe lede gehef word nie.

- Verduidelik waarom hulle so voel. Verskaf EEN rede. (2)
- Verskaf 'n oplossing vir hierdie probleem. (2)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die na-afsluitingsproefbalans op 31 Desember 2016.

	DEBIETE	KREDIETE
Opgelope inkomste : ledegeld	5 400	
Vooruitontvange inkomste: ledegeld		1 500

B. Uittreksel uit die kontantjoernale vir die jaar geëindig 31 Desember 2017.

Ledegeld ingevorder:	**61 500**
• 2016 ledegeld ontvang	3 600
• 2017 ledegeld ontvang	55 200
• 2018 ledegeld ontvang	2 700
Ledegeld terugbetaal	**450**

C. Besonderhede van Ledegeld:

- Ledegeld is R300 per lid per jaar.
- Nuwe lede wat voor Junie aansluit betaal die volle bedrag. Diegene wat na Junie aansluit betaal die helfte van die ledegeld.
- Op 31 Desember 2016 was daar 210 geregistreerde lede.
- Die uitstaande ledegeld van 2016 moet afgeskryf word. Hierdie lede word van die lederegister verwyder vanaf 1 Januarie 2017.
- Op 6 April 2017 het 14 nuwe lede by die klub aangesluit. Hulle het hul intreegeld asook hul ledegeld ten volle betaal.
- Op 30 September 2017 het 8 nuwe lede by die klub aangesluit. Hulle het ook hul finansiële verpligtinge nagekom.
- Die sekretaris het versoek dat 'n gedeelte van sy honorarium van R500 teruggehou moet word om sy ledegeld te dek. Die versoek is toegestaan.
- Drie lede wie se ledegeld ten volle betaal was het in Julie 2017 bedank. Die komitee het besluit om vir elkeen die helfte van hulle ledegeld terug te betaal.
- Sommige lede het nie hul ledegeld vir 2017 betaal nie.

Kopiereg voorbehou

6.2 BESTUUR VAN VASTE BATES

Die gegewe inligting kom uit die boeke van Shirley se Afleweringsdienste. Die eienaar is Shirley May. Sy verskaf 'n afleweringsdiens vir plaaslike meubelwinkels. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

6.2.1 Bereken die totale waardevermindering op voertuie en op toerusting. (9)

6.2.2 Voltooi die nota vir Vaste Bates deur die ontbrekende bedrae in te vul. Sommige bedrae is reeds by die nota ingesluit. (9)

6.2.3 Shirley vermoed dat sommige van die bestuurders die voertuie vir hul privaat sake gebruik.

- Verskaf TWEE feite om haar kommer te verduidelik. Haal syfers aan. (6)
- Voorsien Shirley van TWEE punte van advies hoe om beter kontrole uit te oefen oor die gebruik van die voertuie. (4)

6.2.4 Die ses bestuurders is ontevrede met hul salarisverhoging en beplan 'n staking. Tree hulle redelik op? Verduidelik. (3)

INLIGTING:

A. Op 1 Maart 2017 het die besigheid ses afleweringsvoertuie besit.
Op 1 Junie 2017 het die besigheid 'n addisionele afleweringsvoertuig gekoop.

B Op 28 Februarie 2018 is ou toerusting aan 'n plaaslike skool geskenk.

C. Voertuie se waarde verminder teen 20% p.j. op kosprys en toerusting se waarde verminder teen 15% p.j. op drawaarde.

D. Addisionele inligting rakende vaste bates:

	28 Februarie 2018	1 Maart 2017
Afleweringsvoertuie (kosprys)	1 090 000	924 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	?	554 400
Toerusting (kosprys)	335 000	380 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	165 340	167 000
Herstelwerk en onderhoud op voertuie	45 220	32 300
Brandstof en olie	114 100	65 200
Salarisse aan bestuurders	408 240	388 800
Verkope	932 400	740 000

55

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou